



Geagte lede

Moeilik om te glo dat ons net onlangs uitgerus van verlof teruggekeer het en reg was om die nuwe jaar aan te pak. 'n Jaar wat reeds goed op dreef is en belooft om een te wees met nuwe uitdagings sowel as oues wat nog oorkom moet word. Hierdie uitgawe van die SAWPA nuus brief hoop om u oor 'n paar van die uitdagings in te lig.

BEHANDELDE HOUT AFVAL – ONVEILIGE GEBRUIKSTOEPASSING



SAWPA was onlangs genooi om 'n konferensie in Kaapstad op die 2de Februarie by te woon en nadat ons die onderwerpe gesien het, het ons dadelik ons teenwoordigheid bevestig. Die algemene tema was oor tegnologiese vooruitgang in die ingenieurswese en ontwerp vir strukturele gebruik van hout, maar een onderwerp het soos 'n paal bo water uitgestaan, en het kommer by ons gewek, nl. *“Occurrence of CCA-treated timber in Caterers’ fuel wood stocks in the Cape Town region”*.

SAWPA het ons lede in die Wes-en Suid-Kaap in kennis gestel van die konferensie en die beoogde aanbieding. Ons het ook kontak gemaak met die mede-Professor by UCT om onself te vergewis van die agtergrond en inhoud van die beoogde aanbieding. Na telefoniese en e-pos gesprekke het ons ook 'n verdere vergadering met die professor en sy navorsingspan gereël. Die vergadering het op die 1ste Februarie plaasgevind en SAWPA afvaardiging het uit Bruce Breedt en Doug Sayce (KCA verteenwoordiger) bestaan. Die doel was om te bepaal wat aanleiding gegee het tot die navorsing, die omvang van die probleem, en hoe ons kon verseker dat die probleem op 'n verantwoordelike wyse namens die bedryf aangespreek word. Die navorsing tot dusvêr toon bewyse dat KCA behandelde houtafval deur die informele voedselbedryf gebruik word vir voorbereiding van voedsel en dat arseen in die voedsel opgeneem word asook deur rookinaseming deur die omstanders.

Die veilige gebruik, hantering en verwydering van behandelde hout asook afval is al telkemale in die verlede op verskillende forums en vergaderings bespreek, self by die onlangse Verbruikerswetgewingsaanbieding. Die situasie wat nou in Kaapstad bekend geword het, wys dat ons pogings nie suksesvol is nie en dat ons ernstiger sal moet kyk na pogings om die waarskuwings, en veilige hantering, gebruik en verwyderingsmaatreëls oor te dra. Ons glo dat die redes vir die probleem wissel van ons eie tekortkominge tot by die van wetstoepassers, i.e.:

- Waarskuwings en veiligheidsinligting word nie deur die vervaardigers na die aankoper deurgegee nie;
- Verkopers, kontrakteurs en bouers is nie ten volle ingelig nie, of hulle verkies om die waarskuwings te ignoreer en nie deur te gee nie.

- Kontrakteurs en bouers bestuur en verwyder nie hul behandelde houtafval korrek nie en laat toe dat werkers en rondlopers dit vanaf die boupersele aas.
- Self as dit op die regte wyse by opvullingsterreine gestort word, veroorsaak die onbevoegdheid van die regering, plaaslik, provinsiaal of nasionaal, dat terreine nie gereguleer word nie en die aas van afval en herverkoop daarvan nie verhoed word nie; en ons dink die laasgenoemde is dalk ons grootste uitdaging.

Gedurende verlede jaar se streekvergaderings en Verbruikerswetwerkswinkels is lede ingelig dat veiligheids en waarskuwingsbrojures deur SAWPA beskikbaar gemaak sal word aan lede, houthandelaars, kontrakteurs, ens. Neem asseblief kennis dat die KCA-brosjyre nou beskikbaar is (sien aangeheg) en dat ons 6000 kopieë in voorraad het. Maak asseblief gebruik van die brosjures deur ons te kontak of indien u sou wou, is u ook welkom om die brosjyre van ons webtuiste af te laai.

Dit is dalk tyd dat ons as 'n bedryf weer kyk na die moontlikheid om die aanbring van waarskuwings op hout verpligtend te maak deur etikette of selfs die aanbring van die nodige inligting op transaksie dokumentasie. Wat ons egter in gedagte moet hou is, dat die nuwe verbruikerswetgewing reeds vereis dat vervaardigers/verskaffers alle relevante waarskuwings en belangrike gebruiksinligting rakende produkte moet aanbring of deurgee aan die verbruikers.

Ons bedryf (vervaardigers, verskaffers, en kontrakteurs wat met behandelde hout werk) moet in gedagte hou dat daar 'n seker mate van risiko is, a.g.v. hersiening van klas 1 plaagdoders, insluitende KCA, wat steeds in proses is by die Registrateur. Slegs een ernstige geval van arseenverwante siekte of selfs dood, veroorsaak deur die volgehoue inaseming van arseen in rook of die opneem van arseen in voedsel, kan 'n ongewenste invloed hê op die toekoms van KCA as houtverduursamingsmiddel in Suid Afrika.

SAWPA is tans ook in kontak met "Engineers without Borders" by UCT om te sien hoe ons hulle kan ondersteun met die oordra van die inligting aan die informele voedselbedryf (nasionaal) om nie geprosesseerde houtafval te gebruik nie, maar eerder natuurlike ge-oesde vuurmaakhout, asook ander moonlike bydraes t.o.v. ons maatskaplike verantwoordelikheid.

BOSBOU WERKERS SE LONE

Staats Kennisgewing 30 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet Nr.75 van 1997 – Sektor vasstelling 12, Bosbou werkers, Suid Afrika" is op die 18de Januarie 2012 gepubliseer en het ten doel om die vorige vasstelling van 27 Maart 2009 te wysig. Dit sluit ook die voorgeskrewe verhogings vir die twee daaropvolgende jare met die doel om te verseker dat minimum lone in lyn gebring word met die van plaaswerkers.

2. Minimum Lone

- I. Met effek April 2102, moet 'n werkgewer 'n bosbou werknemer ten minste die minimum loon soos voorgeskryf in tabel 1 betaal.
- II. ' Werkgewer moet 'n bosbou werknemer wat 45 gewone ure per week werk -
 - a. Ten minste die weeklikse of maandelikse loon betaal soos uiteengesit tabel 1; of
 - b. met ooreenkoms tussen die werknemer en die bosbou werknemer, ten minste die uurlikse tarief soos uiteengesit in tabel 1 vir elke uur of deel van 'n uur wat die bosbou werker werk.

Table 1: Minimum lone vir werknemers in die Bosbou Sektor								
Minimum tarief vir die periode			Minimum tarief vir die periode			Minimum tarief vir die periode		
1 April 2012 tot 31 Maart 2013			1 April 2013 tot 31 Maart 2014			1 April 2014 tot 31 Maart 2015		
Maandeliks	Weekliks	Uurliks	Maandeliks	Weekliks	Uurliks	Maandeliks	Weekliks	Uurliks
R 1428.70	R 329.72	R 7.32	98% van plaaswerker se loon			100% van plaaswerker se loon		

Staats Kennisgewing 29 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet Nr.75 van 1997 – Sektor vasstelling 13, Plaas werkers, Suid Afrika" ook op die 18de Januarie 2012 gepubliseer gee die volgende vir plaaswerkers:

Table 1: Minimum lone vir werknemers in die Plaaswerker Sektor

Minimum tarief vir die periode			Minimum tarief vir die periode			Minimum tarief vir die periode		
1 Maart 2012 tot 28 Februarie 2013			1 Maart 2013 tot 28 Februarie 2014			1 Maart 2014 tot 28 Februarie 2015		
Maandeliks	Weekliks	Uurliks	Maandeliks	Weekliks	Uurliks	Maandeliks	Weekliks	Uurliks
R 1503.90	R 374.10	R 7.71	Vorige jaar se minimum loon + VPI* + 1.5%			Vorige jaar se minimum loon + VPI* + 1.5%		
* Die VPI wat gebruik moet word is die beskikbare VPI vir die laagste kwintaal, deur Statistieke Suid Afrika bekendgemaak word. 6 weke voor die inkrement datum.								

WOODEX 22-24 Maart 2012

Neem asseblief kennis dat die finale datums vir die WOODEX for Africa skou en konferensie van die 22ste tot die 24ste Maart sal strek en by Gallagher konvensiesentrum gehou sal word. Die konferensie sal die 22ste en 23ste plaasvind. SAWPA het ook 'n stalletjie binne 'n "paviljoen" van 6 stalletjies wat deur hout-verwante assosiasies, insluitende The Wood Foundation, beman word. SAWPA sal ook 'n praatjie aanbied op die Vrydagmiddag van die konferensie wat sal handel oor die primêre houtverduursaming bedryf. Die aanbieding is gemik op enige een wat graag meer wil weet oor die bedryf, die basiese prosesse van behandeling, die keuse van verduursaming, H-klasse, gebruik, ens, insluitend maar nie beperk tot spesifiseerders, kontrakteurs, verskaffers, ens.

Die gasspreker by die konferensie is Riaan Munster, wêreldbekende Suid Afrikaanse solo-avonturier, wat sy belewenisse met konferensiegangers sal deel en sal fokus op die tema van volhoubaarheid en hoe om uitdagings te oorkom. 'n Verdere trekpleister na die skou is Riaan Garforth-Venter beter bekend as "Die Nutsman", en hy sal sy passie vir hout deel deur 'n dek, werkbank en 'n piekniek tafel uit hout op die skou te vervaardig.

Kom besoek ons gerus by die SAWPA-stalletjie. SAWPA het as 'n trotse uitstaller en ondersteuner 200 komplimentêre skou kaartjies wat beskikbaar is aan ons lede. Kontak ons gerus indien u van die kaartjies wil bekom. Besoek www.woodexforafrica.com vir meer inligting omtrent WOODEX for Africa, insluitende die konferensie program en registrasie vir die konferensie.

NUUS BROKKIES

- Promosie brosjures en muurkaarte – U word versoek om gebruik te maak van die insiggewende muurkaarte en brosjures wat SAWPA beskikbaar maak aan ons lede teen geen koste nie. Vir meer inligting kan u ons webtuiste besoek of vir SAWPA skakel.
- Besoek aan die SAWPA webtuiste was 'n ongelooflike 29 660 gedurende Januarie 2012. Dit is 'n redelike mylpaal wat bereik is en die statistieke wat ons ontvang wys dat belangstelling van oral oor die wêreld kom met die meerderheid steeds plaaslik.
- Let daarop dat toegang tot ons webtuiste nou deur beide www.sawpa.org.za sowel as www.sawpa.co.za gekry kan word.
- Lede wat nie ons 2012 kalender ontvang het nie, of wat ekstra kalenders wil bekom moet ons kontak sodat ons vir julle kan stuur. Dit bleek dat die posdienste nie na wense was nie aangesien menige lede se kalenders ook in die pos verdwyn het. Ons het ook kalenders teruggekry wat nie hul bestemming bereik het nie.
- IRG 43 – Die internasionale kongres oor navorsing in houtverduursaming vind hierdie jaar plaas vanaf 6 tot 10 Mei in Kuala Lumpur, Maleisië. Lede wat graag meer inligting wil bekom kan ons gerus kontak.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrieff gemaak is nie.